NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 15 – Uitgawe 12
28 April 2022

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

# Spore van Hoop

**Met die aanvang van die inperking het die Dagbestuur van die Algemene Diakensvergadering (ADV) besluit om dagstukkies te versprei. Eers was dit slegs 'n paar predikante wat deelgeneem het. Dis wyd gelees, op die WhatsApp-groep wat spesiaal vir die doel geskep is, en op Facebook. Later het meer predikante – selfs emeriti, 'n predikantsvrou en 'n paar diakens – hulle aangesluit by dié groepie skrywers. Dié dagstukkies staan bekend as *Spore van Hoop.***

Ons het tydens die opening van die pas afgelope sitting van die ADV gehoor ons eie *spore* moet ons neem op vreemde weë as ons ons barmhartigheidswerk doen. Jesus het *spore* getrap in Samaria, 'n *onrein gebied*, omgegaan met tollenaars – *onrein skelms,* melaatses – *onrein siekes*, en blinde bedelaars, wat soos gedink is, *gestraf* is vir ouers se *sonde.* Ons moet nes Hy mure afbreek en grense oorsteek om dié wat swaarkry, te dien.

Orals sien ons persone met behoeftes, bedelaars op die straathoeke, haweloses, ensovoorts. Dit gee ons, as Christene, die geleentheid om die liefde wat Jesus vir ons het, uit te dra deur iets van onsself op te offer. Ons moet instrumenteel wees om die Kerk te help om ietsie van die hart van Jesus raak te sien. Mag ons so saam met die gemeenskap en die Kerk meer bewus word van dít wat ons wel kan verander in die wêreld. Ons moet ook ons gesindheid, die gemeenskap se hulpbronne, lewenservaring en wysheid benut en ruimte maak vir gee en ontvang. Ons is gelukkiger wanneer ons gee as wanneer ons ontvang.

Ek glo, vertrou en hoop dat ons binne die volgende drie jaar die samewerking van elke gemeente, lidmaat en predikant sal kry, en bereidwillige diakens om die goeie barmhartigheidswerk voort te sit en in liefde saam te werk om 'n verskil te maak aan dié wat dit nodig het. Armoede is 'n groot hartseer onder ons mense – ons moet saam aan 'n oplossing werk. Met die Here in ons lewens, is niks onmoontlik nie, ons moet net op Hom vertrou vir krag, wysheid en insig.

Een van die ADV se inisiatiewe is die **Word Warm-projek** om die winterkoue, vir dié wat blootgestel is, te verlig. Enige items wat iemand kan help om warm te word, kan geskenk word – komberse, truie, baadjies, serpe of skoene. Enigiets wat jy bereid is om self nog te gebruik. Selfs 'n bord warm kos kan 'n verskil maak. Neem die items, trap *spore* en gaan deel Jesus se genade met iemand wat koud is. Hiermee wil ons ook die lidmate betrokke kry. Barmhartigheid is nie iets wat 'n mens net per geleentheid doen nie; ons moet inderdaad doelgerig agter Jesus aanloop en sy warmhartigheidshart, sy warm hart, ervaar en deel.

Ek het die vertroue dat die nuutverkose Kommissie sal voortbou op die skitterende werk wat die vorige Kommissie gedoen het. Met genade van Bo, onder leiding van die Heilige Gees, kan ons 'n merkbare en standhoudende verskil maak aan die nimmereindigende nood in ons gemeenskappe. Ek vertrou dat ons diensbaar, tasbaar en sigbaar 'n verskil in die Kerk en gemeenskappe sal maak, en sal lei tot eer van God. Diensbaarheid is egter nie beperk tot hierdie Kommissie of hierdie termyn nie – ons moet sonder huiwering en sonder om te talm, daar waar daar nood is, aanhou om ***Spore van Hoop*** te trap!

**Diak Wilna Gates (en ADV Kommissie)**
**Voorsitter: Kommissie van die ADV**

## Lief en leed

- Ds FB (Bernie) Sneygans van Hartebeestpoort se vader, **mnr FB (Frank) Sneygans** (84), is Dinsdagoggend 12 April oorlede. Hy het kolonontsteking gehad en het na 'n operasie op Maandag 11 April heeltemal verswak. Die roudiens op Dinsdag 19 April vanuit Gemeente Montana is gelei deur dr Thinus van Staden. Ons innige simpatie gaan aan ds Sneygans en hul familie.

- Ons innige simpatie gaan aan emerituspredikant ds GC (Gert) en Johanna van Staden van Midstream met die afsterwe van hul seun, **Pieter van Staden** (58), op Saterdag 23 April, na 'n lang siekbed. Innige meelewing ook aan sy broers, ds JH (Jan) van Staden van Bronkhorstspruit, en Gert van Staden, direkteur van Plesion. Die roudiens vind plaas op Donderdag 28 April om 11:00 vanuit die Midstream Familiekerk.



Prof Andries van Aarde

- Die **Andrew Murray-Desmond Tutuprys** vir teologiese boeke in 'n amptelike taal van Suid-Afrika, is gewen deur **prof Andries van Aarde** vir sy twee-volume-werk, *Jesus, Paul and Matthew,* uitgegee deur Cambridge Scholar's Publications. Dit word deur die beoordelaars beskryf as 'n meesterstuk wat op 'n eie vlak van teologie beweeg. Prof Van Aarde se twee volumes toon volgens hulle 'n diep verbintenis tot die huidige debat in die Nuwe Testamentiese en sistematiese teologie. Dit daag sommige maniere om die Bybel te lees en te verstaan uit, sodat die bedoeling en relevansie van die evangelie duidelik word vir hedendaagse omstandighede. Die werk is intens en innoverend met gegronde argumente. Dit spreek volgens die beoordelaars van 'n diepgaande kennis van die Nuwe Testament. Die laaste hoofstuk van die tweede volume is van 'n persoonlike, outobiografiese aard. *Dit blyk daaruit dat ons in hierdie twee boeke met deurleefde teologie te make het, en dat die stigmata van die kruis ook nie vreemd is in die lewe van die outeur nie.* Die beoordelaars was ds Anlené Taljaard en proff Johan Buitendag en Ransoa Letsosa. Die prys sal op 27 Mei in Wellington oorhandig word. Baie geluk, Professor!



Prof Ernest van Eck

- Baie geluk ook aan **prof Ernest van Eck** met sy nominasie as rektor van Knox College in Toronto, Kanada. Dié Kollege is deel van die Presbiteriaanse Kerk in Kanada (PCC). Die nominasie moet net nog by die PCC se algemene kerkvergadering goedgekeur word. Intussen het prof Van Eck besluit om aan die einde van Augustus vroeë aftrede by die Universiteit van Pretoria te aanvaar sodat hy kort daarna sy nuwe posisie kan opneem. Hy is tans hoof van die Departement Nuwe Testament en Verwante Literatuur, en adjunkdekaan van die Fakulteit Teologie en Religie. Ons wens hom en sy vrou, ds Maryka Potgieter (Witfield), voorspoed toe.

- **Die volgende predikante verjaar tot 6 Mei, en word hartlik geluk gewens:**

  - Donderdag 28 April: Ds P (Pieter) Rossouw (36) (Donegal)
  - Saterdag 30 April: Ds WJ (Wimpie) Steyn (77) (emeritus)
  - Sondag 1 Mei: Ds NM (Nick) Alberts (58) (beroepafwagtend)
  - Maandag 2 Mei: Ds HJ (Henk) Labuschagne (32) (Silverton)
  - Woensdag 4 Mei: Ds PJ (Pierre) Roets (50) (Springs-Oos)
  - Donderdag 5 Mei: Drr JP (Johan) Bester (59) (Pretoria Noorderlig), H (Hein) Delport (44) (Swartkop) en EB (Ernest) Marran (61) (Losberg)

## Gemeentes en bediening



Ds Marius Bacon

- **Ds M (Marius) Bacon** (emeritus) het 'n beroep ontvang na Rust der Winter (deeltyds).

- **Dr JP (Johan) Bester** van Pretoria Noorderlig se telefoonnommer in die 2022 *Almanak* (bladsy 100) is foutief. Die korrekte nommer is 082 455 1636.

- **Gemeente Randburg word 75 jaar oud.** Twee Hervormde gemeentes in Randburg, Louis Brandt Fontainebleau en Noordrand, het in 1947 ontstaan, en in 1964 het die twee gemeentes saamgesmelt, 'n naamsverandering ondergaan en amptelik Gemeente Randburg geword. Die Hervormde Kerk in Randburg bestaan dus vir die afgelope 75 jaar.

Die vreugdevolle verjaardag word met **drie geleenthede** gevier. **Nataniël en die pianis Charl du Plessis** het lidmate op Woensdag 20 April met hul talent getrakteer. 'n **Feesbasaar** word aangebied op **Saterdag 7 Mei**, waar verskeie kosprodukte soos pannekoek, kerrie-en-rys, sosatierolletjies, boereworsrolletjies, ensovoorts, te koop sal wees. Heerlike boeresport wat deur die loop van die oggend aangebied word, asook 'n teetuin, is nog hoogtepunte om na uit te sien. U word hartlik uitgenooi om van 09:00 tot 13:00 op die Kerkplein saam te kom kuier. Vir navrae kan die gemeentekantoor gekontak word by 011 789 4983. Op **Sondag 8 Mei** bereik Feesjaar 75 'n hoogtepunt met die viering van die **Heilige Nagmaal om 09:00**, waarna 'n vingerete geniet word in die kerksaal. Alle oudpredikante, oudgemeentelede en belangstellendes kan dit bywoon.

- Die vergadering van die **ring van Vereeniging**, wat op 24 April sou plaasvind, is nou geskeduleer vir **Sondag 22 Mei** om 12:00 by Gemeente Drie Riviere-Oos. Alle emerituspredikante, beroepafwagtende predikante en ander predikante is welkom om die vergadering by te woon.

- **VAKANTE WERKRUIMTE: Gemeente Bethal.** Die gemeente wag aansoeke in van gelegitimeerde predikante van die NHKA. Die werkruimte is sedert 31 Januarie 2022 vakant na die emigrasie van di Cobus en Mari Manders.

  **Gemeenteprofiel:** Gemeente Bethal is in 1918 gestig. Die sieletal is 458 (belydende lede 345). Die gebouekompleks bestaan uit 'n baie mooi kerkgebou, saal, kombuis en kategeselokale.

  **Leraarprofiel:** Die geskikte kandidaat se lewe getuig van 'n passievolle verhouding met God. Preke is liturgies weldeurdag, goed voorberei en getuig van Geesvervuldheid. Kinderdienste is deel van die gemeentebediening. Die leraar is persoonlik betrokke by en selfs die inisieerder van gemeentelike aktiwiteite, en betrokke by die breë gemeenskap.

  **Posbeskrywing:** Voltydse werkruimte met voldoening aan alle vereistes van die amp soos in die Kerkorde omskryf. Vergoeding, reiskoste, verlof, mediese fonds en pensioen sal, met inagneming van die skale en riglyne van die Kerkorde, onderhandel word. Huisvesting is onderhandelbaar. 'n Pastorie is wel beskikbaar.

  **Diensaanvaarding:** So spoedig moontlik, maar onderhandelbaar.

  **Aansoeke: Die sluitingsdatum is 30 April 2022.** Aansoeke moet vergesel wees van 'n verkorte CV wat die kontakbesonderhede van minstens twee referente insluit. Aansoeke word gestuur na die administratiewe beampte (**Bethal@nhk.co.za**) en die skriba (**lietsw@gmail.com**).

  **Vrywaring:** Die Kerkraad behou hom die reg voor om nie een van die aansoekers te beroep nie en die pos weer te adverteer.

  **Navrae:** Vir enige navrae, kontak die skriba, Lietie Swanepoel (082 771 4112).

- **VAKANTE WERKRUIMTE: Kuruman-kombinasie.** Die gemeente wag aansoeke in van gelegitimeerde predikante van die NHKA.

  **Gemeenteprofiel:** Die Kuruman-kombinasie bestaan uit gemeentes Kathu, Postmasburg en Kuruman.

  **Posbeskrywing:** Voltydse werkruimte met voldoening aan alle vereistes van die amp soos in die Kerkorde omskryf. Vergoeding, reiskoste, verlof, mediese fonds en pensioen sal, met inagneming van die skale (1 tot 7 jaar) volgens riglyne van die Kerkorde, onderhandel word. Huisvesting is onderhandelbaar. 'n Pastorie is wel beskikbaar.

  **Diensaanvaarding:** So spoedig moontlik, maar onderhandelbaar.

**Aansoeke: Die sluitingsdatum is 12 Mei 2022.** Aansoeke word gestuur aan oudl CH Schmulling (**buna@vodamail.co.za**).

**Vrywaring:** Die Kerkraad behou hom die reg voor om nie een van die aansoekers te beroep nie en die pos weer te adverteer.

**Navrae:** Vir enige navrae, kontak oudl CH Schmulling (Buna) by 082 463 8367.

- **VAKANTE WERKRUIMTE: Gemeente Groot Marico.** Aansoeke van gelegitimeerde predikante van die NHKA in die traktementskaal 4-6 jaar word ingewag vir die vul van die vakante werkruimte te Groot Marico, ring van Zeerust.

  **Gemeenteprofiel:** Groot Marico is ’n plattelandse gemeente sedert 1923. Die grootste deel van die gemeente is ’n boerderygemeenskap. Die gemeente het ’n bestaande funksionele kerkgebou, saal, kategeselokale en ’n netjiese pastorie, ongeveer 2 km vanaf die kerk op ’n plaas. Die ledetal is ongeveer 262, waarvan 42 nie-belydend is. 100 van hierdie lidmate is pensioenarisse. Die naaste skole is ongeveer 40 km vanaf Groot Marico.

  **Gemeente se verwagtinge:** Die suksesvolle kandidaat sal die gemeente lei en steun in die uitvoering van die gemeente se visie *Saam vorentoe in geloof*, deur onder andere deurleefde Woordverkondiging, deur die gemeente en die gemeenskap te motiveer om as een liggaam te funksioneer, met pastorale versorging van lidmate, deur die kerkraad te lei in die uitvoer van die gevestigde bedieningsplan vir die gemeente, deur sinvolle kategese en jeugprogramme aan te bied, fondsinsamelingsprojekte te ondersteun en die betrokke komitees aan te spoor tot sukses.

  **Versorgingsvoordele:** Die versorgingsvoordele behels volle versorging en ’n totale-koste-tot-gemeente-pakket in lyn met kerkskale, na gelang van ervaring.

  **Aansoeke:** Indien u wil aansoek doen, stuur ’n volledige curriculum vitae, vergesel van ’n brief waarin gemotiveer word waarom u uself as geskik beskou, per e-pos na die onderstaande adres. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Mei 2022**. Stuur aansoeke na **bloekomsrus@vodamail.co.za**. Vir navrae, kontak die skriba, Ria Pretorius, by 082 944 0210.

  **Vrywaring:** Die kerkraad behou die reg voor om ’n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het vir die vul van die werkruimte nie.

- **VAKANTE WERKRUIMTE: Seestergemeente Brackenhurst.** Die gemeente beskik vanaf 1 Mei 2022 oor ’n voltydse werkruimte vir ’n predikant. Seester Brackenhurst is ’n voorstedelike gemeente en omvat die woonbuurte Brackenhurst, Brackendal, Brackendowns, Meyersdal, Mayberrypark en Albertsdal. Daar is tans 482 lidmate, waarvan 372 belydend is.

  Aansoeke moet vergesel wees van ’n volledige CV en ’n persoonlike profiel. Die kerkraad behou die reg voor om die kortlys vir onderhoude na die sluitingsdatum te verklein of te vergroot. Gekeurde aansoekers sal ná die sluitingsdatum genooi word vir onderhoude. Die kerkraad behou die reg voor om, indien daar geen geskikte kandidate is nie, weer die pos te adverteer.

  Die vergoeding is volgens die Kerk se riglyne, en ’n gedetailleerde pakket sal met die suksesvolle kandidaat onderhandel word.

  **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Mei 2022.** Stuur asseblief u aansoek aan mev Nadia Oosthuizen by **nhkbrack@ananzi.co.za**. Navrae kan gerig word aan oudl Gerhard van Niekerk by 082 461 2428.

- **Gemeente Newlands (Johannesburg)** beskik oor ’n **vakante orrelistepos** en is op soek na die dienste van ’n dinamiese orrelis. Die gemeente se orrel is ’n uitstekende instrument – om die orrel in aksie te sien, volg gerus hierdie skakel:
  **https://www.facebook.com/NHKNewlands123/videos/297136898270144**

Bo en behalwe orrelspel tydens eredienste, sal ook van die persoon verwag word om 'n wesenlike impak en 'n skeppende bydrae te lewer tot uitbreiding van die gemeente se musiekbediening. VONKK-liedere is baie geliefd in die gemeente.

Aansoeke, vergesel van 'n verkorte CV, moet gerig word aan die skriba, Paul Jansen, by **newlandsgemeente.skriba@gmail.com**.

## Vergaderings

- Woensdag 4 Mei: Direksie van die Kinderhuise
- Donderdag 5 Mei: ADV Finkom
- Vrydag 6 Mei: Oudit- en Risikokomitee

## Studentesake

- **Studentebehuising vir 2022. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

- **Studentebehuising vir 2022. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

## Toerusting




- Staan u dikwels voor 'n getraumatiseerde lidmaat
en wens u weet hoe om werklik van hulp te wees?
Kom woon 'n **TIR-werkwinkel** (*Traumatic Incident Reduction*) by
en kom leer iets van Jesaja 50:4 –
*Die Here my God het my geleer om die regte woorde te gebruik*
*sodat ek dié wat moeg is, kan moed inpraat.*
*Elke môre laat Hy my opnuut weer luister...*
**Datum:** 6-9 Junie 2022
**Plek:** Pretoria
**Koste:** R5 000
Besoek **yvonneretief.weebly.com**
of kontak Yvonne by **retief.yvonne@gmail.com**

- **VTT en VTK 2022**
**Tema: Postkwarantyn GPS (G**eloofsgenote **P**raat **S**aam**)**
Vir predikante en kerkraadslede
Vrydagaand tot Saterdag-middagete

| Streek | Ringe | Datum |
|---|---|---|
| Gauteng Pretoria | Magalies<br>Pretoria<br>Pretoria-Wes<br>Krokodilrivier | 27 & 28 Mei |
| Gauteng Johannesburg | Brakpan<br>Germiston<br>Johannesburg<br>Krugersdorp<br>Losberg<br>Roodepoort<br>Vereeniging<br>Zuurfontein | 27 & 28 Mei |
| Oos-Kaap | Oos-Kaapland | 3 & 4 Junie |
| Natal | Noordelike Natal<br>Pietermaritzburg | 29 & 30 Julie |
| Limpopo | Laeveld<br>Noordelike Bosveld | Volg later |
| Mpumalanga | Bronkhorstspruit<br>Chrissiesmeer<br>Heidelberg<br>Middelburg<br>Trichardtsfontein | 27 & 28 Mei |
| Noordwes | Klerksdorp<br>Losberg<br>Maquassi<br>Potchefstroom<br>Rustenburg<br>Zeerust | 26 & 27 Augustus |
| Kaap | Swellendam<br>Wes-Kaapland | 3 & 4 Junie |
| Vrystaat | Bloemfontein<br>Bothaville<br>Heilbron<br>Noord-Kaapland | 12 & 13 Augustus |
| Namibië | Dorsland | Volg later |

Navrae: Dr André Ungerer by **andre.ungerer@up.ac.za**

- Die **Sentrum vir Gemeentelike Bediening (SGB)** bied die **IMG-kursus** (Inleiding tot Missionale Gemeentewees) gratis oor 'n periode van ses weke aan. Dit sal via Zoom plaasvind, daagliks van 09:00 tot 11:00, en wel op die volgende datums:

  - Die herontdekking van God se missie: 28 Julie
  - Die herontdekking van missionaliteit in 'n veranderende wêreld: 4 Augustus
  - Die herontdekking van die missionale aard van die gemeente: 11 Augustus
  - Die herontdekking van dissipelskap: 18 Augustus
  - Die herontdekking van missionale spiritualiteit: 25 Augustus
  - Die herontdekking van missionale luister in die gemeenskap: 1 September

  Join Zoom Meeting
  **https://us02web.zoom.us/j/9427689935?pwd=d3d3K1N1cDU0a1plZCtjSS9ZSFY4dz09**
  Meeting ID: 942 768 9935
  Passcode: SGB

  Navrae: Dr Frikkie Labuschagne by **karen@nhk.co.za**.

## ’n Gedig

**Stilte**

Ek het vergeet, vergeet
hoe mens jou blootstel, hoe jy jou laat beseer
deur onmatig van ’n ander mens te hou.
Jou volsinne het my nooit die les geleer
wat jou swye my toevertrou.

**Elisabeth Eybers**
(Uit: *Noodluik*, 1989)

## Fondsinsamelings

- **NHKA Gemeente Potchefstroom** bied **Maandag 2 Mei** hul **jaarlikse motorskou, basaar en veiling van antieke meubels** aan. Daar sal ’n groot verskeidenheid ou motors wees. Toegang vir volwassenes R30, skoolgaande kinders R10 en voorskools gratis. Goeie kunstenaars soos Wynand en Chereé en Reinhard Venter tree op en verskeie kosprodukte sal te koop wees. Die veiling van die antieke meubels vind in die Willem Koksaal plaas. Almal word hartlik uitgenooi om van 09:00 tot 13:00 op die Kerkplein saam te kom kuier. Vir navrae kan die gemeentekantoor gekontak word by 018 293 2672.

- **Rata Maatskaplike Dienste**
  ***Drive for a Child*: Gholfdag Mpumalanga**
  **Woensdag 4 Mei**
  Highland Gate Golf and Trout Estate, Dullstroom
  Borge en inskrywings: Annette Lombard 083 231 8943
  **annette@rata.org.za**

- **Gemeente Randburg: Feesbasaar**
  **Saterdag 7 Mei 09:00-13:00 op die Kerkplein**
  Pannekoek, kerrie-en-rys, sosatierolletjies, boereworsrolletjies...
  Boeresport deur die loop van die oggend
  Teetuin
  Navrae: Gemeentekantoor 011 789 4983

- **Rata Maatskaplike Dienste**
  ***Drive for a Child*: Gholfdag Pretoria**
  **Dinsdag 23 Augustus**
  Silver Lakes Country Club
  Borge en inskrywings: Annelle Flanagan 064 437 5997
  **info@rata.org.za**

## Barmhartigheid

- Almal van ons het met verdwasing kennis geneem van die grootskaalse ontwrigting, skade, verwoesting en lewensverlies wat deur die **vloede in KwaZulu-Natal** veroorsaak is. Riviere wat hul walle oorstroom het, modderstortings en damme water het duisende mense dakloos gelaat, eiendom verwoes en families getref deur die dood van geliefdes. Waar die sterftesyfer tans die 500-kerf nader en daar nog baie mense vermis word, gaan ons harte en gebede uit na hulle wat deur hierdie geweldige trauma getref is.

  Die Kerk se diakonaat is deur Christus geroep om dié wat in nood is, te dien. Daarom het die **ADV Kommissie** reeds saam met **die Ringskommissie van Pietermaritzburg** begin werk, en is daar reeds ’n eerste bedrag van R50 000 toegeken vir hulpverlening volgens die diskresie van die Ringskommissie. Dit sluit hulpverlening in by Tent City, ’n projek wat deur **Gemeente Dolfynkus** tydens die eerste *Ubi caritas*-webinaar bekendgestel is (**https://youtu.be/rQkg5CAJklo**).

Skenkings van goedere, insluitende komberse, klere en kos, kan moontlik ook gedoen word. Ons is in gesprek met die Motsepe Foundation rakende die verspreiding van fisiese items. **Ds Dawie Jacobs**, predikant van Dolfynkus, kan in hierdie verband gekontak word by **dawie@lantic.net**.

Ons vermoed dat noodleniging nog vir 'n bepaalde tyd sal voortduur. Wanneer die nood, skade en lewensverlies nie meer nuuswaardig is nie, leef baie mense steeds voort middein hul verlies. Daarom behou die ADV Kommissie kontak met die Ringskommissie en gemeentes in die vloedgeteisterde gebiede sodat hulpverlening onverpoosd kan voortgaan. Afhangende van hoe die proses ontvou, sal die ADV Kommissie verdere skenkings vanuit die Rampfonds maak om gemeentes te help om hul diakonale roeping te kan vervul.

Gemeentes en individue wat bydraes tot die ADV Rampfonds wil maak, kan dit doen deur die volgende bankbesonderhede te gebruik (let veral op die verwysing wat op ons bankstaat moet verskyn):
**Rekeninghouer:** Raad van Finansies
**Rekeningnommer:** 020000287
**Bank:** ABSA
**Takkode:** 632005
**Verwysing:** 16RAMP KZN + Naam (gemeente of individu)
Die bewys van betaling kan gestuur word aan **gerhard@diakens.co.za**.

Besighede en individue wat belastingvrystelling (Art 18A-sertifikate) verlang vir hul bydraes, moet dit inbetaal by Plesion NPC. Kontak ons asseblief by **gerhard@plesion.org.za** vir meer besonderhede.

Ons wil beklemtoon dat die ADV Rampfonds met die grootste verantwoordbaarheid bestuur word. Daarom gebeur dit dat by sommige rampe daar meer toekennings gemaak word as wat skenkings ontvang word, en ander kere word daar minder uitbetaal as die skenkings wat ontvang is. Tans is daar 'n positiewe saldo in die ADV Rampfonds wat ons in staat stel om dadelik hulp te verleen, selfs voordat enige skenkings vir 'n bepaalde ramp ontvang word.

'n Groot woord van dank word gerig aan alle gemeentes, lidmate en individue wie se harte en hande oop is om te help wanneer ander in nood verkeer.

- Tydens die pas afgelope 9de Algemene Diakensvergadering is die volgende **Kommissie van die ADV** verkies:
  **Dagbestuur**
  Voorsitter: Diak Wilna van der Merwe Gates
  Skriba: Diak Frikkie Pretorius
  Visevoorsitter: Diak Pieter Schreiber
  Viseskriba: Diak Tertia Vos
  **Addisionele lede**
  Diak Frikkie van Niekerk
  Diak Piet Steenkamp
  Diak Anita Joubert
  Dr Martin Jansen van Rensburg
  Ds Stephen de Beer
  Ds Lisa-Mari Prinsloo
  **Sekunduslede**
  Diak Johann de Bruin
  Diak Petrus Nel
  Diak Barend van Zyl
  Diak Riana le Roux
  Diak Otto Nel
  Ds Hans Britz
  Ds Willem Kok
  Ds Kathleen Smith
  Ds Rue Hopley
  Ds Janine Bevolo-Manders

- **VAKATURE: Sekretaresse by Rata Maatskaplike Dienste in Capital Park.** Rata in Pretoria lewer hoofsaaklik kinderbeskermingsdienste, is betrokke by gemeenskapsprojekte, en gee materiële bystand aan die mees weerlose mense in ons gemeenskap.

  **Minimumvereistes:** Geldige bestuurslisensie. Minimum van twee jaar ervaring in 'n administratiewe rol wat kleinkas, tikwerk en 'n hoë vlak van verbale en geskrewe kommunikasie insluit in beide Afrikaans en Engels, om ons personeel en kliënte te ondersteun. Rekenaarvaardigheid in Excel, MSWord en Outlook, en die vermoë om 'n interne kliëntebasisprogram aan te leer.

  **Verdere vereistes:** Die vaardighede om onder druk te werk; kalm te bly in moeilike situasies; te beplan en organiseer; statistieke te verwerk en akkurate verslae te lewer; inisiatief te neem en probleme op te los; en te werk in 'n omgewing wat streng vertroulikheid vereis.

  Voltooi aansoekvorm by **www.rata.org.za/careers**. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 18 Mei 2022.**

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein**
  **Verblyf vir en versorging van bejaardes en gestremdes**
  Enkel- en deelkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer
  Verblyf met 3 etes ingesluit
  Verblyf sonder versorging R1 700 per maand
  24-uur-versorging onderhandelbaar
  (maksimum R8 000 per maand deelkamer)
  Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089
  **navrae@athalia.co.za**
  **www.athalia.co.za**


- **Ons Tuis Emily Hobhouse** is die ideale tuiste vir persone wat nog selfversorgend is. Tans is daar eenslaapkamereenhede te koop teen R364 348 en R377 472. Dit is in 'n gevestigde, boomryke area met 'n lieflike berguitsig. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 of **HannelieF@otmt.org**.

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het 'n **tweeslaapkamer-woonregeenheid** beskikbaar by Frans Boshoff: Dit is Woonstel 3 teen R485 000. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**
  Seniordal is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in Rietondale, Pretoria, wat bekend is as 'n stil, veilige, boomryke omgewing en 'n voëlparadys. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:
  Enkelwoonstel (*Bachelor*): R510 000
  Eenslaapkamer: R515 000
  1½-slaapkamer: R520 000
  Tweeslaapkamer: R560 000
  Navrae: Salomie Stolz 012 329 4318 / 083 308 0520



## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**



## 'n Gebed vir herfs

My Heer,
dankie dat U saam met ons stap
deur die seisoene van ons lewens.
Dankie vir die winter,
wanneer U ons veilig in u arms hou
terwyl dit donker om ons word.
Dankie vir die lente se verwagting,
terwyl ons vervul word met vars hoop en nuwe lewe.
Dankie vir die somer,
so vol warmte en kleur –
en nou vir die herfs,
terwyl die blare val
en diep onder die grond
nuwe lewe begin ontwikkel.
Dankie dat U altyd by ons is.
Amen.

**www.lords-prayer-words.com**

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)


| | |
|---|---|
| Redakteur: | Ds Willem Sauer |
| Subredakteurs: | Ds Etienne Fourie en dr Johan van Staden |
| Koördineerder: | Mev Tessa Oppermann |
| Uitlegkunstenaar: | Mnr Hugo van Niekerk |